*Dinsdag* **10 Junie**

**Skrifgedeelte: Psalm 23**
**Fokusgedeelte: Psalm 23:1 (AFR83/AFR2020)**
**Fokus op voorsienigheid**

Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Wat 'n heerlike belydenis! Maar is dit regtig hoe ons voel? Ons kom tog baie dinge kort in die lewe, ons soek meer tyd, meer geld, meer gesondheid, meer geleenthede vir ons kinders ...

Jesus die Goeie Herder leer ons: "Soek eers die koninkryk van God ..." Wie Jesus het, het alles. Alles wat goed is. Hy is die vervulling van Psalm 23. Hy is die genoegsaamheid van God vir ons. Hy is ons rus en ons oorvloed.

Die Here is die bron van alles wat goed is. Hy is die vader van lig (vgl. Jak. 1:17). Daarom kom ons niks kort nie. Die Here weet hoeveel hare op ons kop is. Hy weet wat ons nodig het. En hy sal nie vir ons klippe gee as ons vir brood vra nie.

Dat God voorsien, beteken nie dat ek nie 'n goeie rentmeester moet wees nie. Dit beteken ook nie dat ek nie met wysheid moet beplan vir die toekoms nie. Maar dit beteken dat ek sal besef: Ek kan myself nie red nie. Dit beteken dat ek leer om te leef in afhanklikheid van die Here.

Ken Hom in al jou weë – dan sal Hy jou paaie gelyk maak. Leef in die gawe van sy lewe. Leef volkome toegewy aan Hom. Hy sal sorg. Hy sal ons nie vergeet nie, nie verlaat nie.

Deuteronomium 31:6: *"Hou moed en wees dapper! Moenie bang wees nie, moenie vir hulle skrik nie, want die Here julle God gaan saam met julle. Hy sal julle nie in die steek laat nie, julle nie alleen laat nie."*

*Sing: Psalm 90-1:1, 9*

*Ds. WM (Willem) van der Waal (Linden)*